

7 Mei 2017

**DIE LIEFDES-ALBUM VAN DIE GEMEENTE IN ROME**

Rom 16:1-20  Ek beveel ons suster Febe wat dienaar is in die gemeente in Kenchreë, by julle
aan.  (2)  Ontvang haar soos dit mense wat in die Here glo, betaam, en staan haar by in enige
saak waarin sy julle hulp nodig kry, want sy was vir baie, en ook vir my, tot steun.  (3)  Groete
vir Priscilla en Akwila, my medewerkers in Christus Jesus  (4)  wat hulle lewe vir my gewaag
het. Dit is nie net ek wat hulle dankbaar bly nie, maar ook al die gemeentes onder die
heidennasies.  (5)  Groete ook aan die gemeente wat gereeld in hulle huis bymekaarkom. My
groete verder ook aan my liewe vriend Epenetus, die eerste bekeerling vir Christus in die
provinsie Asië,  (6)  en aan Maria, wat baie moeite vir julle gedoen het.  (7)  Gee my groete
ook aan Andronikus en Junias, my volksgenote wat saam met my in die gevangenis was;
hulle is hoog aangeskrewe by die apostels en het voor my al Christene geword.  (8)  En dan
stuur ek ook groete vir Ampliatus, my liewe vriend in die Here,  (9)  vir Urbanus, my
medewerker in Christus, en vir my liewe vriend Stagis;  (10)  ook vir Apelles – hy het gewys
wat in hom steek as gelowige – en die huis van Aristobulus;  (11)  vir Herodion, my
volksgenoot, en vir dié uit die huis van Narsissus wat tot die geloof gekom het.  (12)  Groete
verder ook aan Trifena en Trifosa, ywerige werksters vir die Here, en aan my liewe Persis,
wat al baie vir die Here gedoen het.  (13)  Dra ook my groete oor aan Rufus, die voortreflike
werker in diens van die Here, en aan sy moeder, wat ook vir my altyd 'n ma was.  (14)  En
dan ook nog groete aan Asinkritus, Flegon, Hermes, Patrobas, Hermas en al die broers daar
by hulle;  (15)  ook aan Filologus en Julias, Nereus en sy suster en Olimpas en al die ander
gelowiges daar by hulle.  (16)  Groet mekaar met 'n soen van Christelike broederskap. Al die
gemeentes van Christus stuur vir julle groete.  (17)  Ek druk julle dit op die hart, broers: Pas
op vir dié wat verdeeldheid veroorsaak en die mense afvallig maak van die leer wat julle
ontvang het. Bly weg van hulle af.  (18)  Sulke mense dien nie Christus ons Here nie, maar
hulle eie drifte en drange, en met al hulle mooipraatjies en vleitaal mislei hulle die
liggelowige mense.  (19)  Almal het gehoor van julle gehoorsaamheid aan die evangelie. Ek is
baie bly oor julle, en ek sou graag wou sien dat julle alles weet van die goeie en niks wil weet
van die slegte nie.  (20)  God wat vrede gee, sal die Satan spoedig onder julle voete verpletter.
Die genade van ons Here Jesus is by julle!



DIE LIEFDES-ALBUM VAN DIE GEMEENTE IN ROME

1 PAULUS SE LIEFDEVOLLE WAARDERING (VSS 1-15)

2 PAULUS SE LIEFDEVOLLE OPROEP (VS 16)

3 PAULUS SE LIEFDEVOLLE WAARSKUWING (VSS 17-18)

4 PAULUS SE LIEFDEVOLLE BEMOEDIGING EN BELOFTE (VSS  19-20)

**SAAM-PRAAT-VRAE:**

1 Wat was jou eerste indrukke van hierdie gedeelte?

2 Watter nuwe insigte het hierdie gedeelte vir jou gebring?

3 Hoe kan ons ons waardering van mekaar beter uitleef ?

4 Hoe spoor Paulus se bemoediging en belofte in vss19 en 20 ons aan om te volhard in die liefde?

5 Wat dink jy hoe kan ons Paulus se oproep in vs 16, vandag in ons “kerk-kultuur” sigbaar uitleef?